

Saterdag 14 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 1

Fokusgedeelte: Openbaring 1:17

Die Here Jesus is die Eerste en die Laaste en die Lewende (2)

Elke gelowige moet die Naam van Jesus uitdra. Elkeen moet die Here Jesus Christus verkondig deur sy lewe in en voor die wêreld. Elkeen moet minder word en die Here Jesus Christus meer, omdat elke mens sy lig van die Here Jesus Christus ontvang. Sonder Jesus Christus is elke mens verdonker en vir die duisternis bestem. Uit die mond van die verheerlikte Here Jesus Christus kom die tweesnydende swaard. Dit is die Woord van God. Die Woord van God heel en wond. Die oordeel van die Regter spreek vry of verdoem.

Hierdie Regter is verskriklik: sy aangesig is soos die son wat skyn in sy krag. Sy heerlikheid is te skitterend en te oorweldigend vir 'n sterflike oog om te aanskou. Ons lewe na hierdie Regter toe.

Elke dag bring my 'n tree nader na die dag van die Regter. My sterkte vir my lewe lê hierin: Die Here Jesus Christus wandel tussen sy kandelare. As ek Hom deur die geloof in sy Woord en Gees die pad met my sien stap, is ek veilig. Dan sal niks my oorrampel nie, want ek stap my pad in die lig van Jesus Christus wat bo my skyn.

Maar ek stap my pad met 'n kragtige pas, want dis my roeping dat ek die Lig van die verheerlikte Christus sal uitdra. Daarom, weet dit: Die Here Jesus Christus sê vir u: "Vat moed, Ek is met jou", want Ek is die Eerste en die Laaste en die Lewende.

Sing: Psalm 36-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)